GOD SE METODE VIR LANDBOU OPLEIDING KURSES

(deur Grant Dryden)

Definisie:		2
Hoofstuk 1:	Die doel: Waarom is dit nodig?	2
Hoofstuk 2:	God se plan om die land te herwin	3
	a) Erken Hom	3
	b) Herbouing van God se Tempel	3
	c) Bring die tiendes en offergawes	3
	d) Saai mildelik en met blyskap	3
	e) Voldoen in alles	3
	f) Geestelike strydvoering	4
Hoofstuk 3:	Geskiedenis van *'God se metodes'*	5
Hoofstuk 4:	Toepassing- stap vir stap gewys	7
Hoofstuk 5:	Tegnologie van '*God se metode'*	10
	a) Moenie God se '*kombers*' verbrand nie	10
	b) Vermy die ploegskaar	10
Hoofstuk 6:	Goeie bestuur behels:	11
	a) Altyd betyds	11
	b) Hoë standaarde	11
	c) Minimum afval	11
	d) Met 'n blye hart	11
Hoofstuk 7:	Voorbeeld van tuinbou op God se manier	12
	Gemotiveër deur God se Woord	12
	Toepassing van hierdie konsep	12

Hoostuk 1: Die doel: Waarom is dit nodig?

Definisie:

Landbou op God se manier gebruik metodes wat goeie oeste lewer en sodoende dan alle eer aan God te gee. Dit poog ook om langdurige en genoegsame profeite mee te bring, en om sodoende 'n erfnis vir die volgende geslag na te laat.

a) **Boni se verhaal**
b) **Hongersnood en armoede-** Afrika se statistieke
    - 21 miloen ton graan word jaarliks ingevoer
    - 3 miljoen ton bykomstige kos
    - Sosiale veslegting

c) **Huidige opbrengste**
    - Sub-Sahara gemiddeld 300kg per hektaar
    - Meeste gebiede minder as een ton
    - Kos benodig- 450kg/persoon/jaar (dws 1200->1500kg familie/jaar)

d) **Grond-erosie**
    - Gemiddeld verliese per hektaar- 30,000kg/jaar
    - Afrika se grootste jaarlikse uitvoer produk
    - Zimbabwe alleen sal jaarliks 2 goedere treine reg om die wereld vul
    - Shire en Vis riviere het altwee dieselfde probleem
    - Tekort- 30,000kg in vergelyking met opbrengs van 300kg
    - Bemesting verliese beloop tans miljoene deur erosie

e) **Arbeid:**
    - Boere lei aan 'n swak selfbeeld
    - Word neerhalend gesien deur die gemeenskap
    - Jong mense vlug vanuit landelike gebiede na die stede

f) **Kapitaal:**
    - Afrika staan bekend as die bedelaars bak
    - Aanvraag na plaas trekkers- stukkende implimente word nooit herstel
    - Bemesting onkostes
    - Koste verbonde aan saad aankope
    - Inset is uiters duur

g) **Standaarde:**
    - Swak weens gebrek aan kennis
    - Onkruid beheer maatreëls lei tot swak oeste
        - Saai maatreëls
        - Bemesting

Hoofstuk 2: God se Plan

Geen tegnologie kan ooit die vloek van armoede oor die kontinent van Afrika verbreek nie. Alleen God se manier van tuinbou- in woord en daad kan dit doen!

God se oplossings tot die "hoekom" (hoekom die mislukkings en armoede?)

a) Herken Hom

- Spr. 3v6-12- *Ken Hom in AL jou weë….*
- Gen. 1v29,28 & 14- *Ek het jou saad gegee…Seisoene...*
- Gen. 2v15- Mens aangestel om die tuin op te pas en te bewerk
- Hos. 2v8,9- *Sy wou nie erken dat dit Ek was…*
- Jes. 40v21-28- *Weet julle dan nie, het julle nie gehoor nie? Dit is die Heer .. die skepper*
- Amos 4
- Deut. 6v13-15- (Wette) en Deut. 7v12-16 (beloftes)
- Deut. 9v18-20
- 2Kron.7v14- *As my volk…*

b) Herbouing van die Tempel

- Hagg. 1v4-11 *Neem ter harte wat gebeur….*
- 2Kor. 6v16-18 *Ons is die lewende tempels…Ek sal onder hulle bly..*
- 1Kor. 3v16 *Weet julle nie dat julle …*
- 1Pet. 2v5 *Julle is lewende stene….*

c) Bring die tiendes en offerandes

- Mal. 3v- *Sal 'n man God beroof? Nogtans beroof julle My…*
- Beloftes- Seëninge, *Hy sal die bederwer verslaan en alle nasies sal hulle geseënd noem*
- Droom om gemeenslappe te hê wat hulle leiers, weduwees en weeskinders ondersteun
- Drome van genoegsame winste sodat stoorkamers oorvloei om te voorsien in behoeftes van gemeenskap

d) Saai mildelik en met blydskap

- 2Kor 9v6-11 *Wie ookal spaarsaam saai, sal ook spaarsaam maai. Elkeen moet soos hy in sy hart voorgeneem het, nie met teënsin of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.*
- Luk. 6v38- *gee en vir julle sal gegee word, 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol…*
- 2Thes. 3v10- *as iemand nie werk nie, moet hy ook nie eet nie*
- Spr. 28v19 *Wie sy grond bewerk, sal genoeg hê om te eet. Wie hom besig hou met nuttelose dinge, word brandarm.*

e) Genoegsam in alles

- Laat die wat swak is, verklaar dat hulle versterk is, laat die armes hulle rykdom verklaar
- Afhanklikheid moet verbreek word

- 2Kor 9v8-10- *sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk*
- 1Kor 10v26- *die aarde en alles wat daarin is, behoort aan die Here*
- Lev. 25v23- *die land behoort aan My..*
- Gesonheid en selfbeeld
- Tyd
- Bedryfs metodes- Die tien talente (Mat 25)
- Saad
- Bemesting
- Skoffel
- God se gawes is: Reën en vermenigvuldiging

f) Geestelike strydvoering

- Drie vyande- Die wereld sisteem, die vlees en Satan met sy demone
- Oorsprong van gesag- Mat. 28v18- Jesus verklaar.. *Aan My is alle mag gegee*
- Efe. 6v12- *Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie,*

- Wereld sisteem het nie die mag om die juk te verbreek nie.
- Die vyand weerstaan elkeen wat poog om die siklus van armoede nek in te slaan.
- God's akkers word sterk teëgestaan.
- Daarom-

  Bid oor die land en wy die land toe aan God voordat enige pogings aangewend word om God se metode van landbou aan te pak- *bevry die land.*

Hoofstuk 3 Geskiedenis van God se Metode van Landbou

God se metode van landbou is ontwikkel en al meer as agt-en-twintig jaar deur Brian Oldrieve van die Hinton landgoed in Zimbabwe op groot plase toegepas. Die swak en steeds kwynende oeste, stygende inset koste en 'n swak finansieële toestand in dië land het gelei tot sy besluit om God se metode toe te pas. Hierdie konsep is eers op groot plase toegepas, dit is toe ontwikkel om ook vir klein-boere die geleentheid te gee om van hierdie uitstekende bates gebruik te maak op 'n kleiner skaal.

In Oktober 1982 toe Brian Oldrieve aangestel is as bestuurder op die Hinton landgoed in Noord-oos Zimbabwe was die plaas in 'n baie haglike finansieële toestand en oeste was karig, wisselvallig en op 'n steeds afwaartse glybaan. Brian se ondersoek het gespruit uit sy waarneming van geweldige grond- en waterverliese veroorsaak deur erosie van die fyn sand op die oppervlak. Hy het God se raad gesoek hoe om hierdie probleem op te los en so het God se manier van landbou tot stand gekom. God het met hom gedeel hoe Hy die heelal bestuur, waar Hy nooit ploeg of die dooie gewasse in die grond inwerk nie. God het ook aan hom gewys hoe boere uitstekende vernuf en goeie rekenskap moet toepas. Hulle moet die grond bestuur met liefde en deurnis om sodoende 'n erfenis vir hulle nageslagte agter te laat en God al die eer te gee.

Die instelling van hierdie God gegewe metode is oorspronklik eers op 2 ha gedoen en daarna geleidelik uitgebrei totdat die hele Hinton op hierdie manier bedryf is. Die rede vir die stadige implimentering was om te verseker dat alles noukerig volgens plan en met uitstekende beheer gedoen is. Binne verstrek van 'n kort tydperk het die oeste so verbeter dat Hinton die omliggende plase opgekoop het en van 1200 ha uitgebrei het tot die huidige 3500ha. Meeste van die gewasse was twee keer per jaar, met rotasie, besaai en geoes gedurende die 18 jaar tydperk wat Brian die bestuurder was. Die veskyndenheid gewasse het mielies, koring, soya, grondbone, katoen, sorgem, sonneblomme, suikerriet, koffie, groente, en neute ingesluit.

As gevolg Landbou op God se manier het Hinton Landgoed verskeie erkennings ontvang: onder andere- Milie produsent van die jaar, Koring produsent van die jaar, soewel as om benoem te word vir Top-tien klub vir opbrengste van meer as 10ton/ha. Brian is ook uitgenooi om as gasspreker op te tree by grond-bewarings konferensies.

Die sukses wat op Hinton behaal is het skielik die groot verskil tussen die armoede van die kleiner boere op omliggende plase bloot gestel. Hierdie plase het volgehou met die gebruiklike ploeëry en die uitslag was aanhoudende swak oeste en ook grond-erosie. God het 'n begeerte in Brian se hart opgewek om hierdie kleinboere op te lei in die konsep van God se metodes vir landbou.

Ek het die afgelope tyd nouliks saamgewerk met Brian en was bevoorreg om die konsep in Kenya, Malawi, Zimbabwe, Zambia, Mozambiek en Suid Afrika voor te stel. Ek werk slegs deur ‘n lokale kerk, want ek is oortuig dat die kerk as voertuig moet optreë. Ek glo dat God hierdie konsep wil gebruik om verlossing van slawerny en onderdrukking deur armoede te bewerkstellig. Ons sien hoe die armes positief reageer op hierdie metode en het al menige gevalle gesien waar hierdie juk gebreek is.

God se metode van Landbou is besig om die God se oorspronklike planne te hervestig sodat ons Sy bevel om die grond te versorg kan uitleef. Die eid-doel is om 'n nalatenskap te los vir ons toekomstige geslagte.

Jesus het gesê…*Ek doen wat Ek my Vader sien doen… Ek sê ook dit wat Ek hoor My Vader sê…*

Is dit van toepassing op boerdery?

Die Vader het alles geskape en Hy is dus die beste boer in die heelal- Hy weet wat is die beste vir Sy skepping. Ons moet dus maar net soos Jesus- doen wat die Vader doen.

Hoofstuk 4: Toepassing- stap vir stap prosedure

a) Toerusting wat benodig word.

- Skoffel
- Maat lepels
- Maat stokke
- Tou met merkers (bottel proppies)
- Bemesting of kraalmis
- Saad

b) Voorbereiding van die land (c & d hieronder)

- Moenie ploeg nie
- Moet nie vure aansteek nie
- Verweider boomstompe
- Hou land vry van onkruid
- Rye op kontoere (indien nie gelyke grond nie)
- Maak gate teen 60 X 75cm
- Maak gate die wydte van die skoffel en 8 cm diep (berg grond op afkant)
- Met kraalmis, maak gate 15 cm diep
- Voorbereiding moet voor eind Oktober klaar wees (somer reënval gebiede)





c) Kalk

- Afhangend van grond analise
- Plaas eweredig oor heel die wydte van gat

d) Bemesting

- Gebaseer op verlangde oeste en voorraad
- Verseker dat bemesting of kraalmis beskikbaar is teen einde Oktober en werk dit in voor die eerste reëns
- Die ideale maat is 12ml DAP of een blik kraalmis
- Plaas eweredig oor die basis van die gat
- Strooi sand totdat saad diepte bereik is
- Wag op ordentlike reëns- (sien volgende paragraaf)

e) Saai

- Na goeie reëns- na 15 Novenber, maar NIE LATER as 22 November
- Binne twee dae na die reën
- 3 sade per gat wat later uitgedun word tot twee- 44000 plante/ha
- In reguit lyne
- Saad diepte vuurhoutjie-boks lengte vir mielies
  vuurhoutjie-boks wydte vir soya
  vuurhoutjie-boks dikte vir koring
  - Bedek liggies totdat grond gelyk is
  - Bedek die hele gebied met 'God se Kombers' behalwe die plek waar die saad gesaai is
  - Die volgende tabel stel tye voor vir beplanting in Suidelike halfrond vir die somer reënval gebiede

Totale reënval ontvang	**Saai datums**
100mm	1ste week in Nov
85mm	2de week in Nov
75mm	3de week in Nov
50mm	4de week in Nov
30mm	1ste week in Des

  - Sonneblom en soya boontjies moet later maar nogtans voor mid-Desember geplant wees in die suidelike half-rond

f) Onkruid beheer

- Beheer die onkruid terwyl dit klein is
- Die verskil is om 'n paar dae rustyd te geniet in plaas daarvan om nooit oorwinning te kry nie.
- Hou onkruid onder beheer dwarsdeur die groeityd
- 2 uur per dag is voldoende tyd vir die taak
- Skoffel net onder die oppervlak- sny die wortels af behalwe vir kruipgras wat bespoeing vereis

g) Uitdunning

- Dun uit tot gemiddeld twee plantjies per gat

- Dun die swakste gewas of die middel een as almal eweredig opgeskiet het
- Laat staan al drie as die gat langsaan net een plant oplewer- dws gemiddled twee per gat in totaal

h) Oppervlakte bemesting

- Eerste keer as plant knie hoog is
- Tweede bemesting voor koppe gevorm word. Hoë stikstof word op hierdie stadium benodig
- Nie direk op die plant nie- omtrent 10 cm weg van stam

i) Afsny van koppe

- Dit laat toe dat die plante beter floreer
- Alleen wanneer plant volgroei is
- Breek af net bokant mielie-kop
- Gebruik God se 'kombers'

j) Na-oes afbreek van plante

- Staan op stronk naby die grond- los wortels in die grond
- Stompe dien as 'kombers' en verminder onkruid
- Verbreek die lewens-siklus van die milie-kewer. (Die son verslaan die larva).

k) Onkruid beheer na oestyd

- Poog om die hele landgoed onkruid-vry te hou
- Sekere onkruid soorte lewer tot 600,000 saadjies per plant
- Hierdie jaar se onkruid veroorsaak volgende seisoen se verliese

l) Rotering van gewasse

- Beoefen rotasie met gewasse soos boontjies, grondbone en soya
- Verdeel die land in 3 dele bv 1/3 vir bone, 2/3 met mielies
- Gewas rotering verminder oordrag van pestelensie en plant-siektes. Dit verbeter ook die grond struktuur en vrugbaarheid

Hoofstuk 5: Tegniese hulp met Landbou op God se Metode

Die basiese beginsels van God se metode is…

Geen brande of vure - geen ploegskare

Hieronder verskyn die voordele van hierdie tegnieke:

a) Moet nooit God se kombers verbrand nie!!!

30-100% van die kombers bestaan uit verrotte plant materiaal

- Die kombers verminder die impak van reën op die grond
- Dit vermy ook die formeering van 'n harde kors opervlakte
- Water/reën penetrasie is baie beter onder die kombers
- Verminderde erosie (van 30t/ha tot net 0,6t/ha met kombers)
- Verdamping grootliks verminder
- Grond tempratuur bly matig wat weer lei tot beter ontkiemming
- Grond fauna en flora word hierdeur aangemoedig
- Beter wortel sisteem na aan opervlak
- Organiese voeding vrylik beskikbaar vir gewasse
- Verbeterde oes opbrengste
- Stabiele opbrengs ten spyte van droogte
- Verminderde onkruid groei

b) Moenie ploeg nie!!!

- Verminder grond versteuring- staan bekend as *'zero ploeg'*
- Verbeter grond struktuur
- Verbeter grond se vermoë om vloeistof te behou
- Verminder erosie
- Verminderde arbeids inset
- Verminderde koste- inset verminder met 50% en sonder trekker 'n aditionele besparings van 33%
- Saai so gou moontlik na reëns
- Wortels en organismes verbind die grond en vermy sodoende erosie

Hoofstuk 6: Goeie Bestuur

Daar is menige voordele waar groot besparings gemaak word deur van God se Metodes gebruik te maak. Dit sluit in- grond, water, voeding, land voorbereidings tyd en inset-koste. Nieteenstaande, om God se Metode suksesvol te bedryf, is dit belangrik dat goeie bestuur ten alle tye toegepas word.

Die vier sleutel punte om God se Metode te bedryf is: betyds, Hoë standaarde, minimum vermorsing en met blydskap.

a) Betyds: Prediker 3v11

- Grond voorbereiding gedurende rustyd
- Versamel kraalmis, God se kombers, saad en bemesting lank voor die seisoen
- Saai datum- 22 Desember is langste dag van die jaar- verliese beloop 120kg/ha per dag as die saad laat ingesit word

b) Hoë standaarde: Gen 1v31, Ez 40v2 Tempel, Noah se ark Gen 6v14-21

- Geen verskoning vir swak standaarde nie!
- Plant bevolkings digtheid, spasieëring, diepte, reguit lyne, 3 sade per gat
- Onkruid beheer
- Saai volgens God se voorsiening (beter 'n klein area wat goed bestuur word)

c) Minimum vermorsing

- Mat 14v20- 12 mandjies
- Water, grond, voeding, bemesting, arbeid, sonskyn, bemarking, tyd

d) Met blydskap

- 2Kor 9v7- Laat elkeen doen soos dit in sy hart voorkom, God het 'n blymoedige gewer lief

Boere moet geleer word om goed vooruit te beplan om sodoende kritiese tydsgrense te handhaaf. Hulle moet gereeld hul opbrengs nagaan en aanpas indien nodig.

Dit is van groot belang dat ons alles doen asof ons dit vir God doen.

Hoofstuk 7: God se Akkers (Well Watered Gardens)

Sien God se Metode vir Landbou as 'n uitweg om die juk van onderdrukking van die arms af te haal en sien hoedat hulle in hul God gegewe potensiaal vooruitgang geniet

Skriftelike motiveering:
U mag wel vra- Here, wie is ek? Ons is kinders van die allerhoogste God. Jesus het gesê: *Ek doen net soos Ek die Vader sien doen. Soos Ek my Vader hoor praat, so praat Ek ook*. Jesus het ons gewys wat om te doen.Ons moet eenvoudig net doen wat Hy ons gewys het om te doen. Hy het gekom om te dien, 'n uitweg te maak vir die armes, die gebroke van harte, redding vir die onderdruktes en vir ons om van Sy oorvloedige lewe deel te hê. Ons kry nou die geleentheid om hieraan deel te neem deur hierdie 'Landbou op God se Metodes' toe te pas. Sodoende kry ons ook die geleëndheid om die Koning te bedien (Mat 25v35) en in al Sy seëninge te deel wanneer ons die armes en hopelose mense te hulp staan.

Uitvoering van God se Akker
'God se Akker' is 'n wonderlike voorbeeld van hoe God se Metode van Landbou voor-gestel kan word. Hierdie klein demonstrasie tuine van 7,2 X 7,5m laat ons toe om plante in 10 rye van 12 kolomme elk, saad te saai. Hierdie tuine verg omtrent 2 tot 3 ure se opleiding en is baie doeltreffend. Dit gee die belangstellendes die geleentheid om self betrokke te raak op klein skaal en deur herhaling van hierdie proses, kan hulle self sien hoe dit op groter skaal in die land gedoen kan word. Die oefening maak gebruik van baie samewerking en interaksie van almal teenwoordig, en kan lekker ontspannend maar tog leersaam wees. Die gereedskap wat benodig is vir die werk, is eenvoudig en uitgawes is minimaal. 'n Paar skoffels, 2kg DAP, 2 kg CAN, ‘n sak kraalmis, 1 kg saad, 7,2m tou met merkers, 750mm maat-staaf en koppies om bemesting in af te meet (5ml en 12ml). Hierdie 'God se Akkers' word vroegtydig ontwikkel om sodoende die mense tyd te gee om hulle eie grond voor te berei voordat die reën-seisoen aantreë.

Enigiemand wat hierdie seminare bygewoon het, sal *Landbou op God se Metode* kan aanwend deur *God se Akker* tuine te bou vir demonstrasie doeleindes.